SA MEDIA
Die Universiteit van die Vrystaat

3

| Bron | Datum | Onderwerp | Knipsel | |
|---|---|---|---|---|
| 01013 | 0008/1/224 | 8 | 1710 | a |

Beeld P 1 Datum 11 Aug 2000

# Staat kan tot R60 miljard hieruit kry

## Radebe se privatiseringskattings baie laer as ekonome s'n

Maarten Mittner

Die regering verwag dat die inkomste uit die herstrukturering van staatsbates oor die volgende drie jaar 'n inkomste van R21 miljard vir die staat kan lewer, maar ekonome en sakeleiers meen dat die syfer uiteindelik tot R60 miljard kan beloop.

Mnr. Jeff Radebe, minister van openbare ondernemings, het gister in Pretoria die regering se verreikendste verbintenis tot die herstrukturering van staatsbates bekend gemaak.

Mnr. Trevor Manuel, minister van finansies, het in antwoord op 'n vraag gesê die regering se amptelike syfers toon dat 'n inkomste van R5 miljard vanjaar uit privatisering verwag word. Aanstaande jaar sal die inkomste R6 miljard wees, wat in die boekjaar daarna na verwagting tot R10 miljard sal klim.

"Hierdie ramings is konserwatief en kan heel waarskynlik styg soos die syfers bekend word," het hy gesê.

Mnr. Dawie Roodt, ekonoom by PLJ Finansiële Dienste, sê volgens sy berekenings kan die inkomste uit privatisering vanjaar al R20 miljard beloop. "Mnr. Manuel het reeds aangedui dat die inkomste uit Sasria se versekeringsbedrywighede R7,5 miljard was."

Hoewel die reaksie oor die herstruktureringsplanne in sommige kringe minder positief was omdat sperdatums en meer spesifieke inligting nie bekend gemaak is nie, word die regeringsaankondigings deur ander ekonome as beduidend beskou (sien berig hierby).

Volgens Radebe is dit 'n versnelde program waarin op die vier groter staatsondernemings, Transnet, Telkom, Eskom en Denel, gekonsentreer sal word. Die proses sal in 2004 tot 'n einde loop.

Intussen sal begin word om die herstruktureringsprogram in te faseer.

Radebe het dit duidelik gestel dat 'n mededingende mark 'n integrerende deel van die herstruktureringstrategie is. Terselfdertyd vorm

TREFWOORDE
1 Sake Beeld
2 Ekonome
3 Inkomste
4 Inkomste
5 Regering
6 Privatisering
7 Herstrukturering
8 Radebe J
9 Dawie Roodt
Aankondiging
10 Aankondigings

**SA MEDIA**
Die Universiteit van die Vrystaat

Bron 0 1 0 3 | Datum 0 0 0 8 1 1 2 2 4 | Onderwerp 8 | Knipsel 7 7 1 0 | 6

**Beeld** P 1 Datum 11 Aug 2000

dit deel van die proses waardeur daar ook aan die erfenisse van apartheid, wydverspreide armoede en werkloosheid aandag gegee word.

"Die doelwit van die herstrukturering is om tot volhoubare ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling by te dra. Dit sal die beste werk in die raamwerk van 'n gemengde ekonomie wat reageer op markaansporings met as deel daarvan sosiaal geïntegreerde meganismes."

Die regering is nou ten volle verbind tot openbare aandeelaanbiedings (IPO's) vir Telkom, Spoornet se vragbedrywighede, die Suid-Afrikaanse Lugdiens en die Lughawensmaatskappy (Acsa). Terselfdertyd sal konsessies vir Spoornet se steenkool- en ysterertslyne, bekend as Coallink en Orex, ingestel word.

Portnet se bedrywighede sal in 'n hawegesags- en hawebedryfsafdeling verdeel word. Die hawebedryfsafdeling sal geprivatiseer word.

Ekonome sê die mees verreikende stappe raak Eskom. Die regering het nou vir die eerste keer bevestig dat die privatisering van minstens 'n deel van die elektrisiteitsreus beoog word. Eskom gaan eers gekorporatiseer word voor hy in drie afdelings, naamlik transmissie, verspreiding en kragopwekking, verdeel gaan word.

Mededinging sal in die kragopwekkingsektor toegelaat word. Na verwagting sal verskillende ondernemings die lig sien om plaaslike mededinging te bevorder. Betrokkenheid deur die private sektor sal ook deur aandeelaanbiedings geskied.

Die voorkeur van die regering is 'n aandeeluitreiking by Telkom. Groot belangstelling is reeds geopenbaar vir die instelling van 'n tweede vastelyn-operateur. Die besluitnemingsproses om te bepaal wie dit moet wees, is reeds in 'n gevorderde stadium.

Verdere aankondigings sluit in die korporatisering van Denel. Die aanstelling van 'n strategiese aandeelvennoot vir Denel Aerospace en Denel Ordnance is reeds ver gevorder. Die inligtingstegnologie-ondernemings wat tans in staatsbesit is, gaan in 'n nuwe onderneming gekonsolideer word. Dit sluit in Ariel Technologies, Datavia (Transnet) en Eskom IT.

Radebe het gesê hy voorsien 'n groot rol vir die Mededingingskommissie om ongerymdhede in die proses te voorkom en teen hulle te reguleer. In gereguleerde sektore waar 'n hoë mate van mededinging voorkom, sal die kommissie finale seggenskap oor alle mededingingsaspekte hê.

Een van die belangrikste doelwitte agter die herstruktureringsproses is die werklike bemagtiging van swartes, vroue en gestremdes. "Tot in hierdie stadium is die rekord van heelwat bemagtigingstrategieë onbevredigend."

Daar sal van alle staatsondernemings verwag word om in die huidige boekjaar die protokol oor korporatiewe regering, wat in 1997 gesluit is, te aanvaar. Bykomend hiertoe sal die regering aandeelhouersooreenkomste met staatsbeheerde ondernemings aangaan. (Lees ook berig op die agterblad.)

TREFWOORDE
1 ......
2 ......
3 ......
4 ......
5 ......
6 ......
7 ......
8 ......
9 ......
10 ......

# SA MEDIA

**Die Universiteit van die Vrystaat**

| Bron | Datum | Onderwerp | Knipsel |
|---|---|---|---|
| 0 1 0 1 3 | 2000811 22 K | 8 1 | 7 7 1 0 |

**Beeld** P 1 Datum 11 Aug 2000

## SO LYK STAAT SE BATES NOU

| MAATSKAPPY | TOTALE BATES (Rm) | OMSET (Rm) | NETTE INKOMSTE (Rm) | WERKNEMERS |
|---|---|---|---|---|
| Eskom | 69 975 | 21 071 | 2 750 | 37 311 |
| Transnet | 42 779 | 21 680 | 2 165 | 100 592 |
| Telkom | 27 107 | 20 160 | 2 427 | 57 496 |
| IDC | 17 049 | 3 567 | 765 | 502 |
| DBSA | 12 002 | 925 | 123 | 465 |
| Landbank | 5 775 | 2 377 | 371 | 98 |
| Denel (1997) | 4 253 | 3 013 | 82 | 14 200 |
| Impofin | 3 297 | 220 | 9 | |
| Rand Water | 3 212 | 1 900 | 258 | [illegible] |
| Findevco | 2 770 | 465 | 21 | |
| Konoil | 2 337 | 82 | [illegible] | |
| Poskantoor | 1 793 | 2 469 | 272 | 29 195 |
| Airport Co | 1 695 | 710 | 228 | 1 718 |
| SABC | [illegible] | 2 474 | 105 | 3 217 |
| Foskor | 1 323 | 1 297 | 135 | 2 163 |
| Safcol | 806 | 569 | 9 | 5 362 |
| Atlantis | 683 | 907 | 80 | 2 275 |
| Sapekoe | 201 | 119 | 0 | 11 000 |
| [illegible] | 200 | 175 | -23 | 1 078 |
| [illegible] | 115 | 290 | -55 | 2 200 |
| Aventura | 111 | 146 | -8 | 1 610 |
| **Totaal** | **174 102** | **84 636** | **9 650** | **274 482** |
| ***Totaal (nie-finansieel)*** | ***130 872*** | ***76 980*** | ***7 881*** | ***273 417*** |

**TREFWOORDE**

1 ..............................

..............................

2 ..............................

..............................

3 ..............................

..............................

4 ..............................

..............................

5 ..............................

..............................

6 ..............................

..............................

7 ..............................

..............................

8 ..............................

..............................

9 ..............................

..............................

10 ..............................

..............................